




LENT
Van Minder na Meer





- 03** Inleiding
- 04** Gebruik van die gids
- 05** Voorbereidingsweek (26 Februarie – 29 Februarie)
- 11** Week 1: Minder van myself, meer van Hom – Aanbidding (1 Maart – 7 Maart)
- 21** Week 2: Minder skuldig, meer genade – Belydenis (8 Maart – 14 Maart)
- 31** Week 3: Minder goeters, meer vryheid – Eenvoud (15 Maart – 21 Maart)
- 41** Week 4: Minder onkunde, meer wysheid – Studie (22 Maart – 28 Maart)
- 51** Week 5: Minder geraas, meer vrede – Stilte (29 Maart – 4 April)
- 61** Hersieningsgebed: Lent oorsig



Welkom op die Lent-reis. Tydens hierdie ervaring word jy genooi na 'n paar bewegings. Die doel van die bewegings is om jou in staat te stel om 'n lewe van vryheid in te gaan deur van een plek na 'n ander te beweeg.

Om hierdie bewegings teweeg te bring, gaan jy elke week 'n ander geloofspraktyk beoefen. Volgens Dallas Willard is daar 2 soorte praktyke: onthouding en deelname.

"Abstinence and engagement are the outbreathing and the inbreathing of our spiritual lives and we require disciplines for both movements." Dallas Willard

Die praktyke van deelname waarop ons gaan fokus is: aanbidding, belydenis en studie. Die praktyke van onthouding is: eenvoud en stilte.

Om jou te help in die bewegings, het elke dag en elke week 'n spesifieke ritme waaraan jy deel kan neem soos wat jy kan. Daar is 'n ou gesegde wat sê: bid soos jy kan, nie soos wat jy nie kan nie. Eksperimenteer met die praktyke en vind jou eie weg.

Hoe om gebruik te maak van hierdie gids:

Die gids begin met 'n voorbereidingsweek wat op AsWoensdag 'n aanvang neem, en jou oriënteer vir die volgende 40 dae. Elke week begin op die Sondag, wat as Dag 1 benoem is. Aan die begin van die week is daar vier elemente: i) 'n gedig; ii) 'n skrif verwysing; iii) 'n omskrywing van die geloofspraktyk vir die week; en iv) 'n herhaalgebed¹ vir die week. Elke dag se begeleiding kan in die oggend gelees word, met 'n refleksiegebed² wat in die aand gedoen kan word. Aan die einde van die week – op die Saterdagoggend - word jy genooi om 'n repetisie van een van die dae van die week te doen, en 'n hersieningsgebed³ die Saterdagoggend te doen om te reflekteer oor jou ervaring.

Die gevaar met geloofspraktyke, is dat dit soos 'n swaar las word wat lewe uit ons neem. Dit is belangrik om nie na die geloofspraktyke te kyk as wette wat ons moet nakom nie, maar eerder as genade-middele waardeur Hy na ons toe kom. 'n Ingesteldheid van eksperimentasie en avontuur is gewoonlik baie meer konstruktief as rigiditeit.

Die doel van hierdie reis is nie om skuldig te voel wanneer jy nie alles kon doen wat voorgestel is nie. Indien jy 'n dag mis, gaan jy net die volgende dag weer aan. Die doel van hierdie reis is om hierdie bewegings in ons lewe mee te bring deur intensionele praktyke te oefen en daarvoor te reflekteer. Nie elke praktyk gaan integraal deel vorm van elkeen se lewe na hierdie reis nie. Dit kan tóg gebeur dat sekere van hierdie geloofspraktyke belangrik word vir jou en dat dit deel word van jou daaglikse lewe.

¹ Herhaalgebed: 'n kort gebed ('n woord of frase bv. *Jesus of Maranatha*) wat jy voortdurend kan bid; om jou in Hom te anker en jou gedagtes te stil.

² Refleksiegebed: dink terug aan die gebeure van die dag. Vra die Gees om jou hierin te lei.

Kies een of twee prominente gebeure wat positief of negatief was. Bedink hierdie prominente gebeure in die teenwoordigheid van God en praat met Hom daarvoor.

³ Hersieningsgebed: Hierdie gebed is presies wat die naam jou na nooi: om te “her”-“sien” wat jy in die week beleef het. Doen 'n oorsig oor jou week en staan stil by die oomblikke waar jy ervaringe gehad het wat jou aandag opneem. Reflekteer daarvoor met die begeleidende vrae aan die einde van elke week.



VOORBEREIDINGSWEEK

A S W O E N S D A G



ASWOENSDAG

Stof is jy, en jy sal weer stof word.” Genesis 3:19

Lent is nie net 'n tydperk om die lyding van Jesus te gedenk of net daarop te fokus nie, maar om 'n deelgenoot met Jesus te wees in sy lyding soos wat Paulus ons na nooi in 2 Korintiërs 1. Op AsWoensdag, die begin van Lent, kom ek in kontak met die lyding van menswees – dat ek stoflik is. Dat ek nietig is. Van die oomblik wat ons ons moeder se baarmoeder verlaat het, het ons die sterwensproses begin.

Die kwesbaarheid van my menslikheid – my verliese, die vlees, sonde – help my om agter te kom dat daar neurotiese lyding in my lewe is wat ek moet van ontslae raak. Maar daar is 'n lyding wat lei na groei en ek moet dit aanvaar. Dit is 'n groot beweging van die vlees na die gees en vra onderskeiding.

Op AsWoensdag laat mense 'n kruis van as op hulle voorkoppe maak, as 'n herinnering dat hulle skepsels, gemaak van stof, is. Ironies genoeg is hierdie simbool ook soveel meer, want gemerk met die kruis is ek ook soveel méér as stof. Ek is God se geliefde, en deur Jesus, kan niks – selfs nie die dood – my van God se liefde skei nie. Ek is geliefde stof.

Oefening:

Kom vandag in kontak met jou nietigheid. Dink aan hoe dit sal wees om op jou eie begrafnis te wees. Watter emosies ervaar jy wanneer jy na die pynlike realiteit van jou sterflikheid gaan?



**“Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorsprong van die lewe.”
– Spreuke 4:23**

If you have a heart you can be saved. – Abba Pambo

Hierdie vreemde opmerking van Vader Pambo help my om bewus te raak van my hart. Almal het harte, maar so baie leef in hul kop. Ek is soms totaal oorgeneem of opgeneem deur my gedagtes. Só 'n lewe verhoed dat ek dinge direk en indirek ervaar. As ek byvoorbeeld in 'n gesprek is en ek begin dink oor hoe ek lyk en wat die persoon van my sê, is ek nie meer teenwoordig nie en is ek nie meer in die gesprek nie; is ek opgeneem in my kop.

My kop is wel 'n aspek en 'n deel van my hart, maar dit is nie my hart nie. My hart is ook nie my emosies nie – ek kan totaal oorweldig word deur my emosies en ek kan vóél sonder om enige denke daarby te sit. Ek kan ook té opgeneem word in dit wat ek moet doen. Henri Nouwen sê dat ons harte daardie plek in ons is waar ons hele wese bymekaarkom: ons liggaam, ons denke, ons gevoelens, ons intuïsie, ons verlange en ons begeertes. Dit is jou kern, dit is waar jy God kan ontmoet. Dit is waar jy kan verstaan, kan voel en kan besluit.

Die reis is nie om van alles tot niks te probeer leef nie – dit is nie om my kop leeg te maak sodat ek net op my hart kan fokus nie. Maar om eerder aandag te skenk aan dit wat my gedagtes opneem. Baie keer is die dinge wat my gedagtes opneem goed wat ek belangrik ag, maar wat nie noodwendig prioriteit is of wat vir my lewe bring nie. Baie mense besluit om op hul Lent reis iets op te gee – te vas – wat hul gedagtes opneem.

Oefening:

Neem 'n paar oomblikke om terug te dink aan jou dag. Was daar tye wat jy in die oomblik was en bewus was van jou hart, jou emosies, begeertes en verlange? Watter gedagtes het jou opgeneem of lewe van jou ontnem? Dalk is daar iets wat jy wil opgee of vervang wat aandag of gedagtes opneem tydens jou Lent reis. Praat met iemand daaroor.

**“Soos ’n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God!” Psalm 42:2 AOV**

Blaise Pascal het eens gesê, dat elke persoon ’n goddelike vakuum binne-in hulle het. Ons probeer regdeur ons lewe daardie leemte vul. As ek net daardie nuwe werk kan kry... As ek net ’n lewensmaat kan vind... As ek net daardie kar kan koop... As ek net kinders kan kry... As ek net my huis kan afbetaal... As ek net kan aftree...

Vir Jesus was dit belangrik dat mense in kontak kom met die begeertes waarmee hulle leef. In een van die saligspreuke sê Hy: *Geseënd is die wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word.* Gelukkig is ek wanneer ek weet waarna ek smag... want, as hierdie begeertes reg is, dan gaan my honger en dors geles word.

Willem Nicol het ’n mooi metafoor wat hy gebruik. Op ’n plaas is ’n groot fontein, en uit hierdie fontein is daar baie sytakke. Maar jy moet oppas. As jy te veel water probeer pomp uit ’n sytak, dan raak dit modderwater. Vir baie water, vir die les van jou dors, kan jy net na die hoofbron toe gaan. God is die groot bron en Hy het baie sytakke. Hy gee vir my die lewe op baie maniere. Ek vind dit in vriendskappe, in diep liefde, in romantiese liefde, in dit wat ek het en ’n huis... maar jy moet oppas. As jy te veel water uit daardie sytak probeer pomp, dan drink jy modderwater. Jy kan net na die Hoofbron toe gaan vir dit.

Lent help ons om in kontak te kom met die begeertes van ons hart wat ons opvul met iets of iemand. Op hierdie reis word ek genooi om minder van die dinge op te neem wat my oppervlakkig vervul, en meer van Hom te ervaar wat my diepste behoeftes bevredig en vervul.

Oefening:

Wat is die groot begeerte waarmee jy die afgelope tyd leef? Na iets, iemand, ’n kind, sielsgenoot? Wat sal die vervulling van daardie begeerte jou bied? Watter tipe emosionele behoefte sal dit vervul as jy kry wat jy wil hê? Watter rol speel hierdie begeerte in jou lewe? Hoe beïnvloed dit jou lewe, jou denke, jou besluitneming en alles wat jy doen? Vra vir God om jou te wys of jou begeerte jou na Hom rig, of jou van Hom weerhou.

**Saterdagoggend:**

1. Vra die Here om jou te herinner aan die week se belewenisse. Reflekteer oor wat na jou toe gekom het. Vertrou jou ervaring.
2. Lees weer die teks van die week. Kyk deur jou notas. Gaan terug na die ervaring deur die week wat by jou bly of vir jou uitstaan. Lees weer deur die oordenking en oefening. Praat met God oor jou ervaring.

Saterdagagaand Hersieningsgebed:

- *Waar het ek God se teenwoordigheid ervaar?*
- *Hoe het ek konneksie met myself, met ander en met Hom verdiep as gevolg van my voorbereiding vir Lent?*



.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



WEEK 1

AANBIDDING

Minder van Myself, Meer van Hem



LATE HAVE I LOVED YOU – St Augustine

“Late have I loved you, O Beauty ever ancient,
ever new, late have I loved you!
You were within me,
but I was outside,
and it was there that I searched for you.
In my unloveliness
I plunged into the lovely things which you created.
You were with me,
but I was not with you.
Created things kept me from you;
yet if they had not been in you
they would have not been at all.
You called, you shouted,
and you broke through my deafness.
You flashed, you shone,
and you dispelled my blindness.
You breathed your fragrance on me;
I drew in breath and now I pant for you.
I have tasted you,
now I hunger and thirst for more.
You touched me,
and I burned for your peace.”

Augustine of Hippo was converted to Christianity late in life, and yet left a rich legacy for all who have come to faith in Christ since. Writing during the Patristic period of Christian History, he is counted as one of the most influential of the early Church Fathers. His works are considered invaluable resources even in our day, rediscovered in each generation as a deep spiritual resource. This excerpt from Confessions is Augustine’s passionate declaration of love to his Beloved.



Die vrou sê vir Hom: Here, ek sien dat U 'n profeet is. Ons vaders het op hierdie berg aanbid, en julle sê dat die plek waar ons behoort te aanbid, in Jerusalem is. Jesus sê vir haar: Vrou, glo My, daar kom 'n uur wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die Vader sal aanbid nie. Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode. Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid. Die vrou sê vir Hom: Ek weet dat die Messías kom, Hy wat Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy ons alles verkondig. Jesus sê vir haar: Dit is Ek wat met jou spreek! *Johannes 4:19–26*

In Johannes 3 praat Jesus met 'n gelowige oor wedergeboorte, en in Johannes 4 met 'n sondaar oor aanbidding. Moet dit nie andersom wees nie? Wanneer ek die betekenis van aanbidding bedink, maak Jesus se optrede meer sin. Om te aanbid beteken om die hoogste waarde toe te skryf aan iets of iemand. Almal aanbid want almal heg waarde aan iets of iemand. Jesus nooi hierdie vrou uit om te ontdek wat dit is waaraan sy die meeste waarde heg en nooi haar om die hoogste waarde aan God toe te dien. Hy vat haar na haar verhoudings toe – die deel van haar lewe waaraan sy die meeste waarde geheg het. Sy het probeer om die lewe te vind in iemand wat haar lewe sal vervul, wat haar alles sal gee wat sy nodig het. Sy kon dit nie vind nie. Sy is al in die 5^{de} intieme verhouding en kan dit nie vind nie. Alhoewel sy glo in God, heg sy groter waarde aan romantiese verhoudings. Dit is dikwels ook hoe ek leef as ek met Hom te doen kry. Ek sê dat ek Hom ag, maar my optrede en my lewe wys iets anders. Om te aanbid is om bewus te raak van hierdie gaping, te draai na God toe en te sien wie Hy is, Hom te bewonder en te reageer. Jesus sê God soek mense wat Hom aanbid. Nie omdat Hy 'n narsis is nie, maar omdat Hy weet hoe nodig ons dit het om met die realiteit van wie Hy is in kontak te kom en so te leef. Ek het 'n groot behoefte om te aanbid. Alles in my lewe kom bymekaar as ek Hom kan aanbid. Ek moet leer om Hom te aanbid. Hierdie week se reis is minder van myself, meer van God (Joh 3:30) deur aanbidding.

Herhaalgebed:
Meer van U en minder van myself.



AANBID JY?

“Verder is die koninkryk van die hemele soos ’n koopman wat mooi pêrels soek; en toe hy een baie kosbare pêrel kry, gaan hy weg en verkoop alles wat hy het, en koop dit.” *Matteus 13:45,46*

Aanbidding kan beskryf word as die daad van groot waarde toeskryf aan iemand of iets. Ek heg die heelyd waarde aan alles waarmee ek te doen kry. Almal aanbid.

Byvoorbeeld: ’n vriend van my het ’n horlosie geërf en in sy kas gebêre. Eendag kom ’n ander vriend - wat ’n juwelier is - na die horlosie kyk en hy het lirie geraak. Dit was ’n besondere erfstuk. Die juwelier het dadelik geweet wie die horlosie gemaak het en waarvandaan die horlosie kom. My vriend het die juwelier geglo en anders begin dink oor hierdie horlosie wat 100 000’e rande werd is. My vriend het sy horlosie begin bewonder en besef dat die horlosie nou baie waardevol is vir hom. Hy het ook besef hoe sy lewe nou kan verander deur hierdie horlosie. Dit sou ’n paar duisend rand kos om die horlosie te diens, maar in die lig van die totale waarde van hierdie horlosie was dit ’n klein prys om te betaal.

Dit is ’n voorbeeld van die prosesse van aanbidding en waarvoor aanbidding gaan. Jesus sê ons moet God aanbid. Dallas Willard beskryf aanbidding as ’n *‘engagement with and to dwell upon and express the greatness, the goodness and the beauty of God.’* Wanneer ons deur ’n boodskapper – soos die juwelier in my vriend se geval - ingelig word en dinge vir ons van God uitgelig word, begin alles anders lyk. In die lig van wie Hy is, wat Hy het, vir ons gedoen het, en besig is om te doen, verander ons hele lewe. Ons het soveel en daar is soveel moontlikhede saam met die skat wat ons ontdek.

Oefening:

Reflekteer oor die persone of dinge waaraan jy waarde heg. Dink na oor hoe dit vir jou sal wees om dit te verloor, of as dit van jou weggeneem sou word. Praat met iemand vandag daaroor.

Herhaalgebed:

Meer van U en minder van myself.



KIES OM TE AANBID.

“En die vier lewende wesens het elkeen vir homself ses vlerke gehad, en hulle was rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom! En elke keer as die lewende wesens heerlikheid en eer en danksegging gee aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, val die vier-en-twintig ouderlinge neer voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe, en werp hulle krone voor die troon en sê: U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want u het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape.” *Openbaring 4:8-11*

Johannes sien die hemel as 'n plek van aanbidding. Deur metafore deel Johannes die idee dat almal en alles God aanbid: Wilde diere, mak diere, die skepping en al die mense wat daar is. Johannes wys egter daarop dat daar 'n verskil is tussen die aanbidding van mense en die aanbidding van die res van die skepping. Die lewende wesens sê: “Heilig, Heilig is die Here God, die Almagtige wat was, wat is en wat kom,” en elke keer as die lewende wesens eer en verheerliking en danksegging gee aan Hom wat op die troon sit, dan val die 24 ouderlinge – wat gesien is as die kerk; die mense – neer en hulle aanbid Hom: “U is waardig want U het alles geskape en deur U wil bestaan hulle.” Die mens vind 'n rede. Daar is 'n hoekom. Die mens kan reflekteer, iets verstaan, iets sien van wie God is en reageer dan daarop deur te sê: “Waardig. Ek ag U hoër en meer as enige iets anders in my lewe wat my teëgekome het.” Dit is aanbidding. Ek kan baie goed doen soos om te studeer, pyn te deel met ander, te luister na ander, te leer, te help, ensomeer. Maar daar is één ding waarheen ek uitgenooi word wat in die kern van my lê en waar die oorsprong is van waar alles vandaan moet kom, en dit is om te aanbid. Ons word uitgenooi om, in die woorde van Dallas Willard, te *“engage with, to dwell upon and to express the greatness and the goodness and the beauty of God. To worship.”*

Oefening:

Thomas Merton het gesê: *“a tree brings glory to God by being a tree.”* Gaan staan by 'n boom in die tuin en kyk vir 'n oomblik na die boom en besef dat hierdie boom op sy eie manier aan God eer bring. Raak bewus daarvan dat die hele skepping ingestel is op God, draai na God en Hom aanbid. Ek as mens het 'n keuse om dit ook te kan doen. Sê vir Hom wat jy dink en voel oor Hom.

Herhaalgebed:

Meer van U en minder van myself.



AANBIDDING AS 'N PRAKTYK.

“Wat ons gedurig deur Hom aan God ‘n loffer moet bring want dit is die vrug van die lippe wat Sy Naam bely.” *Hebreërs 13:15*

Aanbidding is om die hoogste waarde toe te skryf aan iets. As ons God aanbid dan sê ons dat daar niks mooier, niks beter, niks sterker as Hy is nie. Die waarheid is dat ons dikwels anders dink of voel. Ons heg soms groter waarde aan iets of iemand anders. Ek kuier nou die dag by mense en die seuntjie speel met 'n karretjie wat hy persent gekry het en daar is niks beter en groter as hierdie karretjie vir hierdie seuntjie nie. Een van die persone wat daar is, het baie kontant by hom en hy haal 'n paar duisend rand uit en sê vir die outjie: “Kan ek hierdie karretjie by jou koop vir hierdie geld?” en die kind begin huil en vat sy karretjie en hardloop weg, want hy dink daar is niks groter en beter as sy karretjie nie. Ek het gedink dit is hoe dit partykeer met ons gaan. Ons verloor perspektief as goed met ons gebeur. Ons dink dat die lewe op ander plekke lê. Ander dinge lyk sterker, mooier en beter as die Here. Ons is dikwels nie eers bewus daarvan dat ons so dink en voel nie. Dit is tyd om na Hom te draai en te aanbid. Dit is 'n keuse. Dit is 'n geloofspraktyk om te beoefen. Ek doen dit omdat dit die regte ding is om te doen. Ek kalibreer deur aanbidding, ek maak my lense skoon. Ek sê net weer vir myself – kyk na Hom – Hy is die grootste, die beste, die mooiste. Dit help my baie as ek dit saam met ander doen. My perspektief word herstel en ek en my dinge word minder en Hy word meer.

Oefening:

Reflekteer oor wat jy dink van aanbidding. Wanneer jy gaan om te aanbid, evalueer jy dit en sê jy dit was vir jou goed en lekker gewees? Kritiseer jy die musikante, teologie, die preek? Of is aanbidding 'n praktyk wat jy beoefen? Is dit iets wat belangrik is vir jou? Aanbidding help ons om vry te kom van ons selfgesentreerdheid, geabsorbeerdheid en om op God te fokus.

Herhaalgebed:

Meer van U en minder van myself.



AANBIDDING AS AANDAG SKENK.

“Die Here is die Gees en waar die Gees van die Here is, is daar vryheid en terwyl ons almal met n onbedekte gesig soos in n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na die dieselfde beeld van heerlikheid tot heerlikheid as deur die Here wat die Gees is.”

2 Korintiërs 3:17,18

Om te aanbid beteken letterlik om die hoogste waarde toe te skryf aan iets of iemand. As ek God aanbid, sê ek dat dit wat ek sien – die skoonheid, die goedheid, die krag; en alles wat Hy geskep het – die grootste en hoogste waarde het wat ek ken. Ek ag Hom en deur Hom te ag, aanbid ek Hom.

Dallas Willard het gesê: *‘In worship we focus our mind on God and engage ourselves, dwell upon and express the beauty and goodness of God.’* Aanbidding kan nie gebeur sonder om aandag te skenk nie. Dit vra tyd en intensionaliteit. Prakties kan ons aandag skenk aan God deur te fokus op die Skrif. Paulus skryf vir die Korinthiers en sê vir hulle dat as hulle in ’n spieël - dis die Skrifte (:16) – die heerlikheid, die skoonheid van God ontdek, gebeur iets met hulle – hulle sal verander. ’n Baie ou gebruik in die kerk is om, terwyl jy die Skrif aandagtig lees, te let op die bewegings wat in jou plaasvind en dit te oordink. Die Emmaus-gangers se belewenis was dat hulle harte begin brand het toe Jesus die Skrifte begin uitleë het. Ek kan ’n soortgelyke innerlike sensasie ervaar wanneer ek iets van God se karakter in die Skrif leer ken. Deur aandag te skenk aan Hom, deur te fokus op die Skrif, sien ek iets van Hom. Deur daaroor na te dink, gebeur iets in my. My denke verander. Respektief word herstel. Ek voel anders. Psalm 34:3 sê *“maak die Here saam met my groot.”* Ek kan Hom nie regtig groter maak nie, maar as ek aandag skenk saam met ander en praat oor Sy grootheid, goedheid en krag gebeur daar iets in my. Dit kan om my donker wees, maar wanneer ek aandag skenk aan Hom, kan dinge in my verander. Niks het dalk in my omstandighede verander nie, maar alles in my skuif.

Oefening:

Neem die teks van die dag, lees dit ’n paar keer deur en kyk wat na jou toe kom. Let op die bewegings, dink daaroor na en vra Hom om in jou te werk. Praat met Hom daaroor.

Herhaalgebed:

Meer van U en minder van myself.



AANBIDDINGS PRAKTYKE

“Laat die Woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here.”

Kolossense 3:16

Aanbidding beteken om die hoogste waarde toe te skryf aan iets of iemand. Die uitnodiging is om te leer om aan God die hoogste waarde toe te skryf in my lewe. Ek kan 'n geloofspraktyk van aanbidding ontwikkel. Hier is 'n paar konsepte wat kan help om 'n praktyk van aanbidding te ontwikkel:

1. Ritme – die vroeë kerk het besluit om op Opstandingsondag bymekaar te kom om te aanbid. Daar is ook aanbeveel om gedurende die week op sekere tye op jou eie te aanbid. Dit blyk of daar 'n daaglikse, weeklikse en jaarlikse besondere tyd van die jaar soos bv. Paasfees eenkant gesit is om te aanbid.
2. Voorbereiding – In Matt 5 sê Jesus, as jy na die tempel gaan om te aanbid, let op die onvoltooide sake in jou lewe en handel dit af voor jy gaan om te aanbid. Hoe sal dit wees om, voordat jy ingaan by die plek van aanbidding – op jou eie of saam met ander - eers te reflekteer oor wat nodig is om gedoen te word, voordat jy begin aanbid?
3. Alleen of met ander – daar is 'n verskil in die dinamika tussen aanbidding alleen, met jou gesin en met die geloofsgemeenskap. Verskillende goed gebeur met jou in die verskillende spasies. Is dit moontlik dat ons al hierdie spasies nodig het om ons in 'n groter belewenis van aanbidding in te vat nie?
4. Offer – beteken ook om 'n opoffering te maak. Soms is dit nodig om teen my gevoel op te tree en net te aanbid omdat dit die regte ding is om te doen.
5. Sang – Liedere, gedigte, ander kunsvorme. Ons het nodig om verby woorde te beweeg na aanvoeling, 'n intuïsie en verbeelding van God se skoonheid, goedheid en krag. Ons het nodig om verby ons beperkte verstaan na bewondering te beweeg.
6. Reageer – die vrou by die put in Johannes 4 het gereageer deur te gaan om almal te vertel wat met haar gebeur het. Aanbidding is nie net om te sien en te bewonder nie, maar ook om te reageer op dit wat jy gesien het en dit te integreer in jou lewe. Dit is wat die vrou gedoen het deur vir ander te vertel wie sy nou aanbid.

Oefening:

Begin met eerste tree, soos om 'n aspek van aanbidding te kies, of 'n praktyk van aanbidding te kies wat jou aantrek. Sit 'n paar oomblikke vandag eenkant en kyk op watter manier jy hierdie aspek kan beoefen.

Herhaalgebed:

Meer van U en minder van myself.



TERUGBLIK OP DIE WEEK

Saterdagoggend:

1. Vra die Here om jou te herinner aan die week se belewenisse. Reflekteer oor wat na jou toe gekom het. Vertrou jou ervaring.
2. Lees weer die teks van die week. Kyk deur jou notas. Gaan terug na die ervaring deur die week wat by jou bly of vir jou uitstaan. Lees weer deur die oordenking en oefening. Praat met God oor jou ervaring.

Saterdagagaand Hersieningsgebed:

- *Waar het ek God se teenwoordigheid ervaar?*
- *Hoe het ek konneksie met myself, met ander en met Hom verdiep as gevolg van my beoefening van die praktyk van aanbidding?*
- *Wat van hierdie praktyk sal ek wil opneem as 'n lewenswyse?*



NOTAS

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



WEEK 2

B E L Y D E N I S

Minder Skuldig. Meer Genade



I AM NOT – DH Lawrence

“I am not a mechanism, an assembly of various sections.
and it is not because the mechanism is working wrongly, that I am ill.
I am ill because of wounds to the soul, to the deep emotional self,
and the wounds to the soul take a long, long time, only time can help
and patience, and a certain difficult repentance
long difficult repentance, realization of life’s mistake, and the freeing oneself
from the endless repetition of the mistake
which mankind at large has chosen to sanctify.”

DH Lawrence

Geofig



En die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: O God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie – rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek kry. En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: O God, wees my, sondaar, genadig! Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregverdig na sy huis gegaan eerder as die eerste een; want elkeen wat homself verhoog sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word. *Lukas 18:9–14*

Ons almal vind een of ander tyd uit dat daar iets fout is met ons. Ek doen dinge wat vir my reg lyk in die oomblik, maar glad nie goed is vir myself of vir ander nie. Ek doen dinge wat ek nie wil doen nie en ek benadeel myself. Wat noem ek hierdie dinge? Ek kan dit my swakhede, gebrokenheid, kleinlikheid, neurose, verwondheid of onvolwassenheid noem. Wat doen ek met hierdie dinge? Ek kan gaan vir terapie, leer om daarmee saam te leef, dit ignoreer, of net aangaan en verwag ander moet daarmee saam leef. Ek kan verwag dat ander my moet aanvaar soos ek is. Die Bybel het 'n ander manier van kyk daarna. Die Bybel noem dit sonde, en die manier waarmee ek daarmee kan werk is deur belydenis. In hierdie gelykenis (Luk 18:9–14) leer Jesus ons iets van die bewuswording van ons sonde en wat ons daarmee kan doen. Dit is wanneer ek bely dat ek vergifnis kan ervaar. Belydenis gee my 'n nuwe begin en geleentheid om te kan verander.

Dit is nie iets wat net een keer in my lewe moet gebeur nie – alhoewel daar die eerste groot keer is wat ek besef wie ek is en wat ek gedoen het met my lewe. Soos ek groei in my lewe met Hom sal ek agterkom dat ek gereeld moet bely en na Hom toe draai as deel van my genesing en groei.

Hierdie week se reis is rondom die geloofspraktyk van belydenis om met minder skuld en meer genade te leef.

Herhaalgebed:
Jesus Christus, Seun van God, wees my genadig.



GELIEFDE SONDAAR.

Vir 'n oomblik leef ek myself in hierdie woorde van Jesus in. Soos die Fariseër was ek dalk godsdienstig. Ek het gedink ek is okay en nie so sleg nie. Ek gaan kerk toe, glo in die Here en doen goeie goed en my bedoeling is baie opreg. Totdat ek tot 'n diepe besef kom dat alles nie reg is in my nie en dat ek eintlik sondig is. Soos die sondaar het ek na God gedraai en Hom gevra dat Hy my moet vergewe. Ek het gevoel ek is nou Sy kind, ek is vergewe, ek het tot wedergeboorte gekom. Toe hoor ek ek is 'n nuwe mens. Ek is nou 'n heilige, ek is nou die geregtigheid van God. Ek het 'n heel nuwe identiteit ontvang maar ek het na 'n rukkie besef dat ek nog dinge doen wat nie reg is nie.

Wie is ek nou eintlik? Is ek 'n sondaar? Is ek 'n heilige? Daar is 'n gevaar om eensydig na enige van die 2 kante toe te gaan. Die een lei tot 'n sonde bewussyn en kan tot 'n swak selfbeeld lei, 'n gevoel dat ek nie regtig goed is nie, nie deur God aanvaar word nie en nie kan verander nie. Aan die ander kant kan dit lei tot ontkenning wat my afsny van die realiteit dat ek nog sonde doen. Die probleem is dat ek dikwels met 'n gesplete identiteit en 'n gesplete spiritualiteit sit omdat ek sukkel met die spanning tussen die twee. Ek ry wipplank in die lewe en ek sukkel om hierdie twee waarhede bymekaar uit te bring. Ignatius het so 500 jaar gelede voorgestel dat ons onself moet sien as geliefde sondaars. Hy het gevoel dat voordat jy met jou sondigheid en sonde deel, jy eers diep in die liefde van God gewortel moet wees. Eers wanneer ek weet en voel dat ek geliefd is, kan ek werk met dit wat verkeerd is. Hy het geglo dat ons met 'n diepe bewussyn moet leef dat God ons nie minder of meer kan liefhê as wat Hy ons nou liefhet nie. Hy het ons lief met 'n ewige liefde, 'n volmaakte liefde. Niks kan hierdie liefde ooit verander nie. Dit maak nie saak wat ek gedoen het of wat ek nou doen nie. Hy bly lief vir my en is daar vir my.

Oefening:

Dink oor sy groot Liefde vir jou. Dink aan alles wat Hy vir jou doen. Wat doen Hy nou vir jou?

Herhaalgebed:

Jesus Christus, Seun van God, wees my genadig.



MY GENEIGDHEID.

Dit lyk of die mens dit baie moeilik vind om vandag oor sonde te praat. Ons verwys dikwels daarna op 'n sistemiese of korporatiewe manier, wanneer daar dinge gebeur wat duidelik vir almal sleg of wreed is. Wanneer dit kom by onself lyk dit of ons wegstrem en huiwerig is om enige daad sonde te noem. Selde sal iemand opstaan en sê: “Ek is verkeerd, ek het gesondig.” Dis jammer want ons praat baie gemaklik van ons neurose, ons onvolwassenheid, ons kinderagtigheid, ons verwondheid en ons genetiese disposisie, maar 'n diagnose wat sosiologies, fisiologies of psigologies van aard is, is beperk. Wanneer ek na my daede en denke kan kyk en sê: “dis sonde,” dan kan ek erken dit is verkeerd. Ek erken ek het dit gedoen en vat so verantwoordelikheid daarvoor. Ek erken dat ek eintlik niks daaraan kan doen nie, maar dat ek oorgelewer is om vergewe te word. Dit is daarom eintlik 'n wonderlike ding om iets sonde te noem wat sonde is. Dit maak my oop vir Liefde, dit maak my oop vir vergifnis, dit maak my oop vir genade, dit maak my oop vir 'n ander krag wat buite myself is wat ek nie het nie.

Ek sien dit in die storie van Adam en Eva. Nadat hulle gesondig het, het hulle gaan wegkruip vir God en nie erken dat hulle gesondig het nie. Adam sê dadelik dat dit Eva is en Eva sê dit is die slang in plaas daarvan om net te erken en uit te reik vir hulp en genade en redding ontvang. Die effek is dat hulle hulself dieper verweef in hul sonde. Dit is presies wat met ons gebeur elke keer wat ons rasionaliseer, ontken of blameer. Ek maak myself nie oop vir genade, vir Liefde, vir vergifnis wat na my toe kan kom om my te verander nie. Ek moet baie moed hê om te sê ek het gesondig, want ek gee myself oor en ek hoop en vertrou daar is Liefde. Ek hoop daar is krag en vergifnis en iets goeds wat aan my gegee word wat ek nie verdien nie.

Oefening:

Begin jou stiltetyd deur Hom te vra om enige sonde in jou gedagtes na vore te laat kom. As daar iets, hoe gering ookal – bely dit en dank Hom vir Sy vergifnis en genade.

Dink na oor die oefening...

Hoe is dit vir jou om die oefening te doen? Kom jy agter wat jou geneigdheid romdom sonde is?

Herhaalgebed:

Jesus Christus, Seun van God, wees my genadig.



DIE NOODSAAKLIKHEID VAN BELYDENIS.

Daar word gesê dat belydenis goed is vir die siel. Ons leer dit by die terapeutiese gemeenskap wat sê dat jy nie gehelp kan word met jou verslawing en daar kan geen genesing kom tensy jy erken en bely nie. Daar is 'n gesegde wat sê '*you are as sick as your deepest secrets*' wat beteken dat jou verslawing meer te doen het met jok as wat dit te doen het met verdowingsmiddels, seks, alkohol of enige iets anders waaraan jy verknog is. Dit is wanneer ek eerlik is met myself, myself nie mislei of vir myself jok nie, dat ek genees kan word en vryheid ervaar. Jakobus sê dat as ons ons misdade bely teenoor mekaar, kan ons gesond word (Jakobus 5:17). In die hart van genesing en bevryding lê die praktyk van belydenis. Dit beteken dat ek nie deur my wilskrag of deur skuld gemotiveer kan word om te verander nie.

Dit help nie net om harder te probeer nie, dit help nie om net al hoe meer skuldig te voel daarvoor nie. Dit bring my nie by genade uit nie, dit bring my nie by die krag wat my in staat stel om te verander en vry te wees nie. Dis net wanneer ek bely. Dit is iets wat soms nie net in my hart saggies by myself of alleen tussen my en God moet geskied nie. Jakobus sê dit moet ook teenoor ander geskied. Ek het die genade van God en ander mense nodig om vry te raak.

Die gesondheid van my siel is op die spel. Dit lyk asof dit is wat Jesus sê in Johannes 9. Daar word nie verwag dat ek sondeloos moet wees of alles moet verstaan nie, maar dat ek eerlik moet wees en nie myself moet mislei nie. As ek dit doen, sal die waarheid, die lewe en die lig van Christus my vind.

Oefening:

Kom in kontak met jou gevoel oor belydenis. Voel jy dat dit negatief is? Voel jy dat dit 'n sonde bewussyn bevorder wat negatief is op jou gemoed en selfbeeld? Of is dit iets wat lei tot vrede, vryheid en geluk? Praat met Hom daarvoor en vra Hom om jou te lei oor die saak.

Herhaalgebed:

Jesus Christus, Seun van God, wees my genadig.



“*SIN BRAVELY*”.

Sin bravely is 'n stelling wat aan Luther toegeskryf word. Daar is heelwat kommentaar op hierdie uitspraak gelewer. Daar word beweer dat Luther bedoel het, dat jy kan doen net wat jy wil, solank jy eerlik is daaroor, en met iemand daaroor praat. Kan jy jok? Iemand indoen? Ontrou wees in die huwelik? Skinder? Dan moet jy met iemand anders praat daaroor. Dis dalk die laaste ding wat ons wil doen as ons iets gedoen het wat ons weet nie reg is nie... met iemand praat daaroor. Ons wil dit vermy, blameer, rasionaliseer – net soos in die tuin met Adam en Eva. Hierdie uitspraak van Luther gaan teen hierdie neiging en sê dat dit eintlik 'n groot skadelike ding is wat ons met sonde doen. Dit is nie soseer wat ek gedoen het nie, maar wat ek doen met my sonde wat die probleem is. Meer as die daad self is die feit dat ek nie braaf genoeg is om daaroor te praat nie, wat skadelik is. Daar word beweer dat die sonde teen die Heilige Gees (Mark 3:22–30) die volgehoue oneerlikheid en rasionalisering van sonde is. Ek kom uiteindelik op 'n plek, waar my hart verhard en dat ek nie meer die waarheid kan sien en enige berou daaroor kan hê nie. Dis dalk die rede waarom ons vandag sien dat mense selfs kan spog oor hul sondes. Ons is almal swak en sondig en het guts nodig om dit te erken en met iemand daaroor te praat.

Henry Nouwen het besluit om op 'n tyd toe hy baie uitnodigings ontvang het en baie gereis het met iemand van die gemeenskap saam met hom te vat as hy gaan optree. Sy rede was dat hy gevoel het dat hy groter versoekings het wanneer hy reis op sy eie. 'n Ander rede is dat hy agtergekem het dat hy geneig is om te vergroot as hy praat op ander plekke oor sy lewe. Deur iemand by hom te hê wat saam met hom leef, het hy gevind dat hy in minder versoekings val en meer getrou bly aan die waarheid.

Oefening:

Reflektee oor wat en hoe jy bely het teenoor die Here.

Hoe sal dit vir jou wees om dit te deel met 'n vertroueling? Word jy dalk uitgenooi om jou lewe te deel met iemand anders?

Herhaalgebed:

Jesus Christus, Seun van God, wees my genadig.



DIE JESUS GEBED.

Een van die grootste geskenke wat ek nog by iemand ontvang het, was die Jesus gebed. Dis 'n manier van bid in die Oosterse Ortodokse tradisie. Die gebed is baie eenvoudig: “Jesus Christus, Seun van God, wees my genadig.” Dis 'n gebed wat 'n paar keer in die Nuwe Testament voorkom. Van die mense wat dit gebed het, het fisiese, psigiese en ander sosiale behoeftes gehad. Jesus het elke keer hierdie gebed verhoor. Dit is 'n paar woorde wat die hele Christen geloof opsom. Baie is al geskryf oor die baie eenvoudige gebed. Dit is nie so maklik om dit te bid nie. Daar word voorgestel dat die gebed met asemhaling geskied: Jesus Christus Seun van God – asem in, wees my genadig – asem uit. Kortere weergawes kan ook gebed word soos: “Jesus Christus wees my genadig.”

Die voorstel is dat jy begin met 10-minute net saggies die woorde herhaal sonder om enige woord te beklemtoon terwyl jy konsentreer op die woorde wat jy bid. Daar is baie getuienisse oor wat met jou gebeur as jy die gebed bid. Een van die groot beskouinge is dat dit 'n tyd van goddelike terapie is. Daar word beweer dat die siel gesalf word en die genade en vergifnis van God deur hierdie gebed ervaar word. Daar vind ook 'n reiniging van die hart plaas. Een van die groot effekte van die gebed is dat daar innerlike stilte te weeg gebring word in jou. Ander effek is dat jy die gebed van die hart begin bid wat beteken dat jy deur die verloop van die dag in jou hart aanhou om hierdie gebed te bid al is jy besig met ander dinge. Wat die voordele ookal is, is die groot rede van die gebed vereniging met God. Om saam met Hom te wees en Hom te ervaar en te verander in jou binneste.

Oefening:

Bid die Jesus gebed vir 10 minute.

Herhaalgebed:

Jesus Christus, Seun van God, wees my genadig.



TERUGBLIK OP DIE WEEK

Saterdagoggend:

1. Vra die Here om jou te herinner aan die week se belewenisse. Reflekteer oor wat na jou toe gekom het. Vertrou jou ervaring.
2. Lees weer die teks van die week. Kyk deur jou notas. Gaan terug na die ervaring deur die week wat by jou bly of vir jou uitstaan. Lees weer deur die oordenking en oefening. Praat met God oor jou ervaring.

Saterdagagaand Hersieningsgebed:

- *Het ek al ooit die krag van vergifnis van God deur ander ervaar?*
- *Wat leer ek van myself deur die ervaring van belydenis?*
- *Hoe het ek konneksie met myself, met ander, met God verdiep deur die praktyk?*
- *Wat van die praktyk wil ek deel maak van my lewe?*



.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



WEEK 3

EENVOUD
Minder Goeters, Meer Vryheid



SIMPLE GIFTS

Tis the gift to be simple,
Tis the gift to be free
Tis the gift to come down
Where we ought to be
And when we find ourselves
In the place just right
Twill be in the valley
Of love and delight.
When true simplicity is gained
To bow and to bend
We shall not be ashamed
To turn, turn
Will be our delight
Till by turning, turning
We come around right.

Geofig



“Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie? Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? Trouens, wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur verleng? En wat bekommer julle julle oor klere? Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie. Maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges? “Julle moet julle dus nie bekommer en vra: ‘Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?’ nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee. “Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie.” *Matteus 6:25–34*

Verlede jaar is ek in die East Rand Mall om Kersgeskenke te koop. Terwyl ek in die tou wag om te betaal, sien ek 'n paartjie wat ek ken verbyloop. Hul trollie was vol produkte wat hulle net gekoop het. Met die idee dat hul klaar is met hul inkopies sê ek vir hulle: “Julle moet seker bly wees om te kan huistoe gaan!” Ek onthou nou nog hul antwoord: “Nee, ons het nog nie gevind waarna ons soek nie.”

Hierdie ontmoeting was soos 'n gelykenis. Ons spandeer ons lewe opsoek na meer en meer goed. Ons is konstant op soek na iets wat ons kan koop om ons te help om gelukkiger, voller en vryer lewens te leef. Ons lewens is 'n spieël van die paartjie in die winkelsentrum. Ons loop op en af in die gange van die sentrums van ons lewe, terwyl ons trollies stoot wat ootvoel is met goed, maar weet in ons binneste dat ons nogsteeds nie gevind het waarna ons soek nie. Ons voel moeg, gestres en uitgebrand.

Eenvoud help ons op die reis van minder goeters na meer vryheid. Een van die kragtigste boodskappe in die Nuwe Testament is Jesus se woorde waar hy sy volgelinge belowe dat daar aan hulle voorsien sal word (Matteus 6:33). Hierdie lering beteken nie dat ons net kan terugsit en niks hoef te doen nie. Ons werk om te oorleef – soos die voëls – maar ons werk met 'n vertroue dat God oor ons kyk, dat Hy vir ons sorg net soos vir die voëls in die lug en die lelies in die veld. Dit is waar die reis tot eenvoud begin.

Herhaalgebed:

Here, help my om na vryheid en eenvoud te beweeg.



EENVOUD VAN HART.

Ons vereenvoudig ons hart deur te oefen om 'eers die koninkryk van God te soek'. (Matteus 6:33). As ons belangrikste lewensfokus is om God te ken en om met God te wandel, word ons hart baie vryer. Dit beteken nie dat ander dinge soos om geld te verdien, ons kinders groot te maak, sport te kyk, huis te bou, vakansie te beplan, ensovoorts nie belangrik is nie. Dit beteken eenvoudig dat hulle nie die eerste prioriteit in ons hart moet neem nie. Ons eerste prioriteit is om ons lewens te bou rondom dit wat God vir ons wil hê. Dit is waar eenvoud gebore word.

Ons kan begin waar ons is. Ons begin God se wil doen op elke manier wat ons kan. Ons wag nie vir 'n ideale tyd nie. Ons vra elke oomblik dat die lig van Christus ons sal lei. In elke taak wat vandag, by die huis of by die werk voorkom, probeer ons ons bes doen en vertrou God met die uitkomste in alles. Hierdie take hoef nie godsdienstige take te wees nie. Hulle hoef ook nie groot of skouspelagtig te wees nie. In werklikheid begin ons gewoonlik met klein en gewone maniere om God te gehoorsaam. Ons begin nou, vanaf hierdie oomblik.

Natuurlik sal ons misluk en God in die steek laat. Daar sal baie keer wees wanneer ons God vergeet, as ons toegee aan ons selfgesentreerde maniere, wanneer ons toelaat dat ander dinge die eerste plek in ons hart inneem. In hierdie oomblikke moet ons net belydenis doen, opstaan en onmiddellik weer begin. Die kwessie is nie soseer of ons gister misluk het of daarin geslaag het nie, maar of ons hart gefokus is om te doen wat God wil hê ons moet doen. Die uitdaging is: leef ons nou in eenvoud?

Oefening:

Let op die take of verhoudings wat jou hart beset. Wat ervaar jy as jy aan hul dink? Ervaar jy 'n gevoel van vryheid as jy daaraan dink?

Herhaalgebed:

Here, help my om na vryheid en eenvoud te beweeg.



EENVOUD VAN SPASIE.

Hoe lyk die spasies van jou huis? Dikwels wys ons slordige laaie, kaste, kamers en motorhuise die warboel van ons harte uit. Met verloop van tyd versamel ons soveel dinge wat ons nie nodig het nie. Waaraan ons vasklou, openbaar baie oor die toestand van ons siel. Ons hart word geïnfiltreer en oorgeneem deur die donker begeertes om meer en meer dinge te besit. Geen wonder dat ons dikwels oorweldig en onvry voel nie. Eenvoud kan ons bevry van hierdie moderne slawerny, kalmte bring in ons waansinnige gees en 'n mate van inperk aan ons kompulsiewe koopgewoontes gee.

Tydens Lent kan dit 'n goeie oefening wees om sommige van die ongebruikte dinge wat in ons huis rondlê, te orden. Baie sal kwalifiseer as rommel en moet weggegooi word. Ander is miskien nie meer bruikbaar nie en kan miskien gegee word aan iemand wat dit nodig het. Of miskien kan daar 'n skoonmaakwerk wees wat ons al vir jare uitgestel het – om die laai langs ons bed skoon te maak, ons gereedskap in die motorhuis reg te pak, die kas onder die wasbak op te ruim. Dit alles help ons om van minder goeters na meer vryheid te reis.

Hier is die eintlike uitdaging: as ons ons leefruimte net 'n bietjie vereenvoudig het, vertel ons niemand daarvan nie. In plaas daarvan, in die binnekamer van ons hart, kan ons ons afvra: 'Waarom koop ek soveel dinge?' Ons praat met die Here oor ons koopgewoontes en vra dat hy ons moet wys hoe ons vryer en ligter kan leef. Eenvoud begin en eindig altyd met hierdie uitdaging om God eerste in ons harte te hou en te doen wat God wil hê ons moet doen. Dit is die vryheid van die evangelie wat Christus vir jou en my bring.

Oefening:

Praat met God oor jou koopgewoontes en vra hom om jou te wys hoe jy vryer en ligter kan leef.

Herhaalgebed:

Here, help my om na vryheid en eenvoud te beweeg.



EENVOUD VAN SPANDERING.

Het jy al opgemerk dat ons nie baie praat oor ons persoonlike finansies nie? Ons glo dat hoe ons ons geld bestee, ons eie besigheid is en niks met iemand anders te doen het nie. Niemand gaan ons vertel wat ons met ons geld moet doen nie. Hierdie houding teenoor ons spanderingsgewoontes staan in konflik met die lering van Jesus. Hy het meer oor geld gepraat as oor enige ander onderwerp behalwe die Koninkryk van God. Op een of ander manier het hy geweet dat dit een van ons grootste gebiede van stryd en pyn sou wees. As sy volgelinge moet ons groei om in hierdie opsig vryer te leef.

Daar is baie maniere waarop ons ons uitgawes kan vergemaklik. Hoe sal dit wees as ons 'n maaltyd maak wat slegs bestanddele bevat wat ons reeds in ons yskas of koskas het nie? Kyk wat is in die yskas, op die rakke, of in die vrieskas, en maak die kos of bestanddele bymekaar wat al 'n tydperk daar staan. Terwyl ons hierdie items bymekaarmaak, dink saam met die Here waarom hierdie kosgoed al so lank rondlê. Wat vertel ons inkopie-gewoontes oor onself?

Oefening:

Vermyn een dag om advertensies te kyk. As hulle op die TV kom, kyk iets anders! Die Here sal ons hiermee help. Laat ons bid vir die vermoë om die advertensies wat op ons pad kom, te herken en te vermy. Dit kan sinvol wees om 'n gesprek met die Here te hê oor ons verhouding met advertensies. Is ons kwesbaar om geld wat ons nie het nie te spandeer op dinge wat ons sien adverteer word? Wat sou dit beteken om die woorde van Jesus ernstig op te neem: 'Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie?' (Matt. 6:26). Onthou hierdie gedeelte uit Matteus. Dit is hier waar eenvoud begin!

Herhaalgebed:

Here, help my om na vryheid en eenvoud te beweeg.



EENVOUD VAN GEDAGTES.

Ons gedagtes is dikwels vol met soveel inligting. Ons word daaglik gebombardeer met TV-beelde, e-posse, sms-boodskappe, Twitter-statusse, Facebook-inskrywings, selfoonoproepe, advertensieborde – die lys van stimuli hou aan. Sommige van hierdie inligting vra ons onmiddellike aandag, maar baie daarvan is nie belangrik nie en kan geïgnoreer word. Hierdie oorstimulasie en konstante afleiding neem ons gedagtes op, verhinder dat ons die werklikheid in die gesig staar en weerhou ons om vry en lig te leef.

As ons vandag na die koninkryk van God soek, kan dit beteken dat ons dit wat ons gedagtes opneem, beperk. Daar is baie maniere om dit te doen: ons kan vandag besluit om geen TV te kyk nie. Dikwels kyk ons televisie tot laat na 'n lang dag. Dit kan dalk beter wees om ons gedagtes te laat rus. Miskien kan ons een dag wegbly van al die woorde en beelde wat ons op Facebook, Twitter en Instagram inneem. Dit is dan geleentheid vir ons om aan die Here te dink wanneer ons in daardie oomblikke ons gedagtes op hierdie dinge sou rig.

Oefening:

Bid met die Skrifgedeelte uit Matteus 6:25–34. Ons begin deur die gedeelte stadig en aandagtig te lees. Ons wag vir 'n woord, of 'n frase of 'n sin wat vir ons uitstaan. Vir 'n paar minute draai ons hierdie woord, frase of sin oor en oor in ons hart. Ons laat dit praat met ons herinneringe, ons uitdagings, ons hartseer en ons vrees. Ons deel dan met die Here alles wat in ons hart aangaan. Uiteindelik sit ons in die stilte en rus eenvoudig in die teenwoordigheid van die Here.

Herhaalgebed:

Here, help my om na vryheid en eenvoud te beweeg.



EENVOUD VAN SKEDULES.

Een van die ooglopende eienskappe van ons alledaagse skedules is dat dit 'n warboel is. Elke dag word gevul met mense om te sien, take om te doen, afspraak om te hou, e-posse om te stuur, telefoonoproepe om te maak, sperdatums om na te kom. Iemand het eenkeer gesê dat ons lewens lyk soos tasse wat bars by die nate. Hoe kom ons voor met ons besige skedules? Daar is heeltyd anders is wat gedoen moet word, voltooi moet word, of onthou moet word. Dit is tragies dat ons vol skedules ons geleentheid vir vryheid steel.

In ons vol skedules nooi Jesus ons om ons fokus op God se koninkryk te hou. Dit is die 'een ding wat nodig is'. Dit is belangrik om te beseft dat Jesus ons nie uit ons besige wêreld uitroep nie. Inteendeel, hy wil hê dat ons daarin moet leef, maar dat ons ons hart duidelik moet laat fokus op wat God wil hê. Dis wat dit beteken om 'julle harte eerste op God se koninkryk te plaas... en al hierdie dinge sal ook aan jou gegee word.' Wat daagliks tel, is waar ons harte gefokus is. Dit is waar ons eenvoud vind.

Oefening:

Identifiseer een ding wat jy kan doen om jou skedule aan te pas om te groei in jou fokus op God. Hierdie is iets waarmee jy kan eksperimenteer. Terwyl jy vandag met elke taak begin, hoe klein dit ook al mag wees, vra die Here om jou te help om dit met al jou aandag te doen. Ons lewens word vereenvoudig omdat ons aan God aandag gee en op Hom fokus. Ons is nie om deur die dag net te oorleef nie; ons probeer eerder om God eerste te stel in alles wat ons doen.

Herhaalgebed:

Here, help my om na vryheid en eenvoud te beweeg.



TERUGBLIK OP DIE WEEK

Saterdagoggend:

1. Vra die Here om jou te herinner aan die week se belewenisse. Reflekteer oor wat na jou toe gekom het. Vertrou jou ervaring.
2. Lees weer die teks van die week. Kyk deur jou notas. Gaan terug na die ervaring deur die week wat by jou bly of vir jou uitstaan. Lees weer deur die oordenking en oefening. Praat met God oor jou ervaring.

Saterdagagaand Hersieningsgebed:

- *Waar het ek God se teenwoordigheid ervaar?*
- *Hoe het my konneksie met myself, met ander en met Hom verdiep as gevolg van my beoefening van die praktyk van eenvoud?*
- *Wat van hierdie praktyk sal ek wil opneem as 'n lewenswyse?*



A large area for taking notes, consisting of multiple horizontal dotted lines for writing.



WEEK 4

STUDIE
Minder Onkunde, Meer Wysheid



GEBED VAN DIE LOOT AAN DIE WYNSTOK

Solank as wat die mens
sy gewaarwordinge in taal bly formuleer
Here, laat my taal leef
en dat U hom nooit van die liggaam
van Afrika sal amputeer nie –
en waar U moet terugsnoei, Heer,
laat ons U hand herken en rustig weet
U sal uit die vurige sap
wat U nou tot besinning kasty
iets wat helder en edel is eindelijk distilleer.

Sheila Cussons



“Daarom, vandat ek gehoor het van julle geloof in die Here Jesus en van julle liefde vir al die gelowiges, hou ek ook nie op om God vir julle te dank nie. Wanneer ek in my gebede aan julle dink, bid ek dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlijkheid behoort, deur sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken. Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo.” *Efesiërs 1:15–19*

Hierdie week se praktyk is studie. Studie is 'n geestelike praktyk wat my kan help met onkunde. Om kundig te wees beteken nie om meer informasie te kry nie, maar eerder geestesoë wat die lewe helder maak sodat ek God in alles kan sien. Aandagafleibaarheid keer my om te sien. Daarom moet ek tyd met Jesus spandeer en van Hom leer. Studie behoort nie net met die kop te werk nie, maar ook met hart. Dit is nie net rasioneel nie, maar relasioneel. Dit is nie net ek wat na God toe gaan nie, maar God wat ook na my toe kom. Die woord dissipel kan my help om studie beter te verstaan. Die woord beteken letterlik om aan iemand se voete te sit. 'n Leerling of dissipel het letterlik aan die voete van sy Rabbi in daardie tyd gesit. Jesus sou dit by sy leermeesters gedoen het, net soos wat Paulus aan die voete van Gamaliël gesit het (Handelinge 22:3). Om te sit sê iets van houding en ook die hart waarmee ek die verhouding betree. Ek kyk op en nie af op iemand nie. Ek is afhanklik en oop om te ontvang.

Herhaalgebed:
Gee my die genade om in wysheid te leef.



MET 'N JUK.

“My juk is sag en my las is lig.” *Matteus 11:30*

Ons volg Jesus deur van Hom te leer en nie net in Hom te glo nie. My geloof verander en versterk reeds omdat ek 'n nuwe lewe by Jesus kan aanleer. Christene in Thessalonika is geprys vir hul groeiende geloof (2 Tessalonisense 1:3). Een van die beelde wat my kan help om by Jesus te leer is 'n juk. 'n Juk sou in die Antieke tyd verwys het na die lering van 'n sekere Rabbi. Jode glo dat elke Skrifgedeelte in die Ou Testament 70 verskillende moontlike betekenisse het en sou geen spanning beleef het met verskillende interpretasies nie. Die verskillende denkrigtings sou vernoem word na die onderskeie Rabbi's wat lering gegee het.

Die juk verwys ook na 'n bees. Twee beeste is gewoonlik ingespan onder die juk. 'n Ervare bees is gewoonlik ingespan saam met 'n onervare bees. Die idee was dat die onkundige, jonger bees by die ouer bees leer. Hy het geweet wanneer om te stop, te rus, te eet en te werk. Die belangrike beginsel is dat God my leer deurdat ek saam met Hom 'n taak verrig, of anders gestel, deur gehoorsaamheid. Met ander woorde, ek leer nie God ken deur 'n ontleding van die juk of lering nie, maar eerder deur die ervaring van werk en doen terwyl ek die juk saam met Jesus dra.

Oefening:

Neem 'n papier en teken 'n juk/soek een op die internet om te druk. Neem die prentjie, en terwyl jy bid, vra Jesus om jou te leer van sy sagte juk.

Herhaalgebed:

Gee my die genade om in wysheid te leef.



HOE LEES JY?

“Hoe lees jy?” *Lukas 10:26*

Lees is 'n belangrike praktyk in studie. Deur te lees ontvang ek informasie wat my kan help om beter te verstaan en tot sekere konklusies te kom. Vandag kan die Neurowetenskap my help om hierdie proses beter te verstaan. Lees herskep nuwe neurale paaie binne die brein wat nuwe konneksies vorm. Tog bly die beoefening van lees baie subjektief. Dit is nie altyd maklik om die bedoeling van die outeur te verstaan saam met my eie interpretasies nie. Ek kom dikwels tot ander interpretasies as ander met dieselfde gedeeltes wat gelees word. Jesus het hierdie dilemma baie goed verstaan. Daarom vra hy nie wat of hoeveel ek gelees het nie, maar eerder hoe ek dit lees.

Vandag is daar 'n magdom informasie. Elke persoon het toegang tot die wêreld se grootse biblioteek: Google. Nuwe brein konneksies bring my nie noodwendig by die regte interpretasies uit nie. Om by die bedoeling van die outeur te kom moet ek saam met die outeur lees. Jesus sou hierdie manier van lees so verduidelik: *“Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig.”* (Johannes 5:39). Lees behoort my aan die lewende Christus voor te stel.

Oefening:

Dink vir 'n oomblik aan hoe jy lees. Wanneer jy lees, raak bewus dat Jesus met jou wil lees. Laat Jesus toe om vir jou te wys hoe die Skrifte na Hom wys.

Herhaalgebed:

Gee my die genade om in wysheid te leef.



LEES DIT WEER.

“Hy het hulle weer alleen laat bly en ‘n derde keer gaan bid en dieselfde woorde gesê.”

Matteus 26:44, Markus 14:39

In die Romeinse Ryk is die Latynse frase “*Repetitio est mater studiorum*” op baie geboue ingegraveer. Dit beteken: *Herhaling is die moeder van alle studie*. As ek iets wil leer of verstaan moet ek dit herhaal. Herhaling help my nie net om te onthou nie, maar help my om beter te verstaan deur te hoor. Daarom gee God opdrag dat die gebooie aan Israel herhaal moet word (Deuteronomium 6:5, 10:12, 11:13, 30:6). Die doel is nie net om die wet ken nie, maar om die bedoeling en gees van die wet te ervaar. Dit is seker ook waarom die vertelling van Jesus se bediening aan ons deur die vier Evangelies herhaal word.

Hierdie is ook ’n vorm van meditasie. Een woord vir meditasie in Hebreeus is *haga*, wat letterlik beteken: saggies opsê, mompel, prewel of die koer van ’n duif. Dit is in die mompel, saggies prewel, opsê en herhaling van God se woorde dat ons beter verstaan wat God bedoel. Selfs as ek met God praat kan ek soos Jesus bid deur “*dieselfde woorde*” te sê.

Oefening:

Memoriseer die gebedswoorde “Lei my in U waarheid” en bid dit elke dag wanneer jy herinner word aan ’n voorwerp wat jy saam met jou dra. Die voorwerp kan ’n armband, sakdoek, klippe of enige iets wees wat jou aandag herhaaldelik na die gebedswoord toe lei.

Herhaalgebed:

Gee my die genade om in wysheid te leef.



PROBEER DIT NOU.

“...Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig, o Here...” *Psalm 19:15*

Die rede waarom ek die Skrifte herhaal is sodat ek dit kan onthou. Dit vorm 'n geheue waaruit die Heilige Gees my kan herinner en kan lei. Binne die kultuur waarin ek lewe is dit baie moeilik. Tegnologie beïnvloed die brein en het die oorhand gekry op die mens se geheue. 'n Oorgestimuleerde brein stel dopamine vry wat lei tot aandaggebrek. Dan begin ons koppe ping-pong speel. Dit is soos die ghoen wat onophoudelik van die een gaatjie na die ander rol en gekeer word om tot rus te kom. Ek kan slegs onthou wanneer my denke tot rus kom.

Gelowiges het God se woorde gebruik om hulle denke in God te laat rus. Hierdie geloofspraktyk word oordenking (meditasie) genoem. Ek moet lettelik “oor” my denke kom om met God te wees. Dit bring my in kontak met dit wat dieper in my hart leef en verskerp my waarnemingsvermoë. Die woord oordenking beteken om “tuis te maak of herkou.” Die praktyd van studie vra konsentrasie. Deur onverdeelde aandag te gee aan God, word my hart en lewe 'n tuiste vir God. Die doel van 'n enkelvoudige of verlengde aandagspan is dat “die woord van Christus in julle woon in alle wysheid” Kolossense 3:16.

Oefening:

Neem 'n sin uit hierdie week se skrifgedeelte en memoriseer dit vandag.

Herhaalgebed:

Gee my die genade om in wysheid te leef.



WORD DEUR GOD GELEES.

“Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan.” *Lukas 24:45*

In die praktyk van studie kan ek agterkom: ek lees nie net die Bybel nie, die Bybel lees ook vir my! Wanneer dit gebeur begin my hart leef. Die Emmausgangers het 'n eerstehandse ervaring hiervan gehad. Hulle ken die Skrifte en probeer Jesus volg, maar is onkundig oor wat dit beteken vir hulle gewone lewe. Toe die kennis vloei van die verstand na die hart, verander alles. Hierdie ervaring word in die Weste en Westerse kloostertradisie beskryf as kontemplasie: 'n persoon beweeg verby sy/haar gedagtes na 'n nie-verbale gevoel. Kontemplasie kom van die woord *contemplum*. *Con* beteken 'met' en *templum* beteken 'tempel'. Die idee was om God in die self, ander en die omgewing te aanskou; waar God die sienwerk deur my doen.

Oefening:

Kniel voordat jy begin bid of Bybel lees. Kyk vir 'n oomblik op. Raak net bewus vir 'n oomblik van die rykdom van wysheid wat daar in God is, en dat Hy dit graag met jou wil deel.

Herhaalgebed:

Gee my die genade om in wysheid te leef.



TERUGBLIK OP DIE WEEK

Saterdagoggend:

1. Vra die Here om jou te herinner aan die week se belewenisse. Reflekteer oor wat na jou toe gekom het. Vertrou jou ervaring.
2. Lees weer die teks van die week. Kyk deur jou notas. Gaan terug na die ervaring deur die week wat by jou bly of vir jou uitstaan. Lees weer deur die oordenking en oefening. Praat met God oor jou ervaring.

Saterdagagaand Hersieningsgebed:

- *Kon ek ervaar dat ek uit my kop kom, en hartspasies betree?*
- *Kon ek God se teenwoordigheid geniet sonder om te praat?*
- *Hoe het ek konneksie met myself, met ander en met Hom verdiep as gevolg van jou beoefening van die praktyk van studie?*
- *Wat het ek ontdek van studie wat ek voel vir my 'n uitnodiging inhou om hierdie praktyk 'n geloofsgewoonte te maak vir my lewe?*



NOTAS

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



WEEK 5

STILTE
Minder Geraas. Meer Vrede



BUT THE SILENCE IN THE MIND

But the silence in the mind
is when we live best, within
listening distance of the silence
we call God. This is the deep
calling to deep of the psalm-
writer, the bottomless ocean.
We launch the armada of
our thoughts on, never arriving.

It is a presence, then,
whose margins are our margins;
that calls us out over our
own fathoms. What to do
but draw a little nearer to
such ubiquity by remaining still?

RS Thomas

Geofig



“Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus. Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit. En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees.” *Fillippense 4:6–9*

Jy word uitgenooi om hierdie week stilte te beoefen deur met minder geraas te lewe en meer vrede te beleef.

Paulus gee 'n beeld van die goeie lewe. Dit is om in vrede te lewe. Hy motiveer my deur vir my 'n hoekom te gee: As ek vrede ervaar is ek vry van bekommernis. Ek ervaar blydskap en so 'n lewe is moontlik omdat Hy naby my is. As 'n volgeling van Jesus verduidelik Paulus vir my wat dit beteken om Jesus te volg in die lewe wat Hy geleef het (Romeine 5:10).

Die kerk het deur die eeue hierdie idees beoefen en sekere praktyke geskep. Dit het groot vrug vir volgelinge se geloofsreis ingehou. Die ontwikkeling en die insig van hierdie praktyke kom nie tot 'n einde nie. Kennis vermeerder en vandag kan ons deur die sielkunde en mediese wetenskap die funksionering van die brein beter verstaan en baie insigte kry. Dit help ons om hierdie praktyke nog beter te doen en te versterk.

Herhaalgebed:
Gee my die genade om stil te wees en te weet, U is Heer.



DIE GERAAS BINNE MY.

Baie min mense is bewus van wat hul gedagtes vul. Ons is heeltyd besig om te dink en ons gedagtes gaan veral na 3 plekke: die verlede, die nou en die toekoms. Navorsing wat gedoen is beweer dat ek 12% van my tyd in die verlede spandeer. Uit die bloute kan iets wat met my gebeur het by my opkom. Ek dink aan onaangename ervarings asook goeie goed wat met my gebeur het.

My gedagtes word ook gevul met wat nou aan die gang is, 28% van my tyd spandeer ek hier. Dis egter moeilik om 'n definisie te kry van wat 'nou' beteken. Dikwels begin ek te reflekteer met dit waarmee ek besig is en ek evalueer dit. Die vraag is of ek dan nogsteeds besig is met die oomblik as ek reflekteer oor waarmee ek besig is. 48% van my tyd spandeer ek aan die toekoms. 44% van die 48% spandeer ek aan wat later in die dag gaan gebeur en 40% van die 48% gaan om more en die res van die persentasie handel oor goed wat in die verre toekoms kan gebeur. Denke oor die toekoms word dikwels gevul met scenarios van wat kan verkeerd loop. Dit maak my bekommerd. Om op hierdie manier te funksioneer is om op autopilot te wees.

Ek weet nie regtig wat ek doen nie en ek is nie regtig bewus van die effek op my lewe nie. Een van die groot teorieë meen dat my hele brein ingestel is op oorlewing en voortplanting. Daarom word my gedagtes veral getrek na die toekoms om die bedreiging en goed wat in my pad staan, te kan hanteer. Ook ons kulturele omstandighede beïnvloed ons gedagtes. Ek is oorstimuleer want elke oomblik word ek deur sosiale media en ander boodskappe opgeneem. Die eerste groot uitnodiging is om bewus te raak van wat my gedagtes vul. Dit is belangrik om te dink waaroor ek dink want gedagtes bepaal my lewe.

Oefening:

Onderbreek jou gedagtegang 'n paar keer deur die dag, jy kan bv. die alarm stel van jou horlosie en daardie oomblik net bewus raak van wat aangaan in jou kop. Moet dit nie beoordeel nie, as jy dit doen raak jy bewus van jouself. Raak net bewus van die verhouding en die ingesteldheid wat jy het teenoor jouself.

Herhaalgebed:

Gee my die genade om stil te wees en te weet, U is Heer.



DIE EFFEK VAN GEDAGTES.

As ek agterkom wat aangaan in my binne wêreld - dat ek op autopilot leef, dat my gedagtes gevul word met geraas – kan ek dalk verstaan waarom ek voel soos ek voel. Jung het gesê 90% van ons gedagtes is herhalend en, volgens hom, nuttelos. Die effek wat hierdie manier van lewe op my het, is dat dit my aandag aftrek van wat om my aan die gang is. Ek is, met ander woorde, nie teenwoordig in my lewe nie. Ek is 'n slaapwandelaar (1 Thessalonians 5 MSG). Dit dra daartoe by dat ek my eie lewe vervelig vind en niks interessant daarin kry nie. My geheue lei skade en ek voel nie dat daar iets noemenswaardig is waarna ek kan terugverwys aan die einde van die dag nie. Dit is dan nie vreemd as ek met refleksiegebed nie aan 'n hoogtepunt in die dag kan dink nie. Ek let nie op nie. Ek kan nie onthou nie. Dit dra daartoe by dat ek my lewe nie baie sinvol en betekenisvol vind nie. Dit kan daartoe lei dat ek sit met skuldgevoelens. Ek het 'n probleem oor my probleem en ek voel skuldig omdat ek dit nie kan verander nie. Ek sit met vrees en ek wonder of dit altyd so sal wees.

As ek agterkom dat ek so funksioneer en dit probeer verander, is daar dikwels 'n groot weerstand in my teenoor verandering. Daar is baie redes daarvoor. Uit 'n neurologiese perspektief weet ons dat die brein geneig is tot nuwighede. Die brein soek gedurig na iets anders en iets nuut. Daarom die dwaling in die brein. Kultureel gesproke is ek gekondisioneer om lekker te voel en elke ervaring waarmee ek te doen kry is daarop gerig om 'n ekstatiëse ervaring mee te bring. Aan die ander kant, sit ek dalk met 'n persoonlikheid wat uitgedaag is of 'n persoonlikheidsversteuring. Uit 'n spirituele perspektief kan ek dit terugbring na die ekkigheid waarop ek ingestel is om die situasie waarin ek is te beheer of anders te wil hê. Wanneer ek uitgevind het wat die groot geraas binne my is, help dit my om uit te vind hoekom dit so is. 'n Besef van die effek op my lewe sal my motiveer om dit te verander. Dit neem my na hulpeloosheid omdat ek sal uitvind ek kan dit nie self verander nie.

Oefening:

Vestig jou intensie. Paulus gee ons 'n idêe van 'n ander lewe om ons intensie en ons geloof los te maak om dit te vind. Het jy 'n intensie om in hierdie lewe in te gaan?

Herhaalgebed:

Gee my die genade om stil te wees en te weet, U is Heer.



KRY JOU SIT.

Die pad wat voorgestel word om te werk met die geraas in my gedagtes, is gebaseer op Bybelse voorskrifte wat deur die loop van die geskiedenis saamgestel is. Dit is 'n toeganklike manier waarop daar 'n innerlike transformasie meegebring word wat lei tot 'n totale nuwe bewussyn waarmee ek kan leef. Die pad begin met die fisiese en het te doen met my omgewing en my liggaam. In die eerste plek, skep 'n spasie. Jesus het gesê: *"This is what I want you to do, I want you to find a quiet secluded place"* (Matteus 6:5). In die lering van Jesus is 'n plek baie belangrik. Baie van ons maak baie min van 'n plek vir afsondering alhoewel ons baie tyd en energie spandeer aan ons vermaaklikheid of ontspanningsareas. In hierdie plek wil ek ontslae raak van sekere goed. Dit beteken dat ek veral van enige moontlike goed wat my aandag kan aflei, ontslae raak.

Een van die grootste goed is my selfoon. Navorsing het getoon dat as my foon binne bereik is, ek elke 3 tot 5 minute my foon sal neem om net te kyk of daar enige iets deurgekom het. Die beste manier om versoeking te hanteer, is om sekere goed voor die tyd te verwyder. In die tweede plek, onttrek ek myself en ek verplaas myself fisies na hierdie plek toe. Ons lees hoe Jesus Hom van jongs af dikwels onttrek het en eenkant gekom het. Volgens Lukas 2:42 was dit meer as net 'n fisiese daad van afsondering – dit was 'n innerlike leegmaak ter voorbereiding van wat sou kom. Ignatius het voorgestel dat as jy na jou plek gaan, jy net eers daar staan en kyk na die plek. So 'recollect' jy jouself, en raak jy net bewus van dit wat jy gaan doen, wat jy besig is om te doen en wat vir jou wag in daardie plek. Wanneer jy in jou plek ingaan, neem 'n gemaklike posisie in. 'n Baie algemene posisie is om te kniel maar dit kan ongemaklik raak as jy dit vir langer tye doen; daarom kan jy sit. Bring jou lyf tot rus. Dit kan tyd vat om te leer wat om te doen sodat jy kan rustig raak. 'n Algemene manier is om net vir 'n paar oomblikke aandag te skenk aan jou asemhaling. Dis een van die oefeninge wat die gees en die siel en die liggaam in kontak bring met mekaar. Die verstillingsproses begin van buite af na binne toe, om uiteindelik van binne na buite te leef.

Oefening:

Nadat jy die Lent-oordenking klaar gelees het, gaan na jou plek toe en as jy nie 'n plek het nie, rig 'n plek in – al is dit in die hoek van 'n kamer waar daar 'n stoel is. Raak ontslae van alles wat jou aandag aftrek of versoek. Gaan sit en probeer om stil te raak vir 'n paar minute.

Herhaalgebed:

Gee my die genade om stil te wees en te weet, U is Heer.



LEES DIE SKRIF, SKENK AANDAG & SÊ IETS.

Nadat ek my spasie geskep het, my sit gekry het, volg die volgende moment. Ek word nou uitgenooi om die Skrif aandagtig te lees. Wat nou gebeur is dat ek uit autopilot beweeg deur aandag te skenk. Ek probeer vir 'n tyd lank my konsentrasie met die Skrif te vul. Mettertyd kan my konsentrasie-span verhoog en kan ek vir langer tye konsentreer.

Ek begin deur te lees, aandagtig. Ek let op wat vir my uitstaan. Dit kan 'n woord, 'n frase, begrip of 'n beeld wees wat na my kom. Die uitnodiging is om dit te neem en dit dan rond te gooi in my gedagtes. Die Hebreeuse woord vir meditasie is letterlik om dit te herkou, om vrae te vra. Wat gewoonlik gebeur in hierdie tyd van aandag skenk, is dat my gedagtes weer begin dwaal. Dit is natuurlik en ek word uitgenooi om net weer terug te keer na dit waarmee ek besig is.

Die volgende belangrike ding is om dit wat in my gebeur in woorde uit te druk. Praat met God daaroor. Dit is 'n groot reis om agter te kom wat ek voel, wat ek wil hê en wat ek dink, en dit in woorde om te sit. Dit is dikwels wat in terapie gebeur – ek word gehelp om in kontak te kom met wat in my aan die gang is en woorde te kry daarvoor. Soos in enige ander verhouding gaan dit nie oor om Hom in te lig daaroor nie, maar om my ervaring met Hom te deel en saam met Hom te wees.

Oefening:

Gaan in jou spasie en sit. Gebruik die Skrif waarmee ons tans besig is en lees dit stadig en aandagtig deur en skenk aandag. Let op dit wat na jou toe kom en dink daaroor en deel jou gedagtes met Hom.

Herhaalgebed:

Gee my die genade om stil te wees en te weet, U is Heer.



DIE VRUG VAN STILTE.

"Let everyone know your life is being lived in another structure of being, one in which the Lord is constantly a vital presence" (Phil 4:15 Mulholland).

Let op die verskillende geloofspraktyke wat gegee word deur Paulus: skenk aandag aan die Woord; moenie bekommerd wees nie (:6); oordink die Woord (:8), en praat met Hom oor wat jy voel (:6). Deur dit te doen sal iets met my gebeur. Hy sal my Sy vrede gee.

Almal het 'n manier van lewe wat ons oor die jare ontwikkel het. Ek is 'n produk van my manier van lewe. As ek begin lewe soos Jesus gelewe het, vorm dit my en word my hele innerlike wêreld herskep. 'n Nuwe bewussyn kom tot stand. Die bewustelikheid waarmee ek leef sluit 'n bewussyn van Hom in. Ek vind Hom in alles. Ek voel anders oor myself en die lewe lyk anders. Die wêreld is 'n goeie plek en ek weet ek is in goeie hande.

Dit is net deur 'n konstante volgehoue beoefening van die geloofspraktyke dat vrug ervaar word. Baie lees oor die geloofspraktyke, praat daaroor en leer selfs saam met ander daaroor, maar beoefen nie die geloofspraktyk nie. Dit is net deur dit te doen wat ek sal weet (Johannes 7:17).

Oefening:

Reflekteer op jou ervaring van stilte – dit wat vir jou baie goed was, en dit wat vir jou uitdagend was. Praat dan met die Here daaroor en kyk of daar enigiets belangrik is om jou 'n besluit te laat neem hieroor.

Herhaalgebed:

Gee my die genade om stil te wees en te weet, U is Heer.



HERSIENINGSGED

Saterdagoggend:

1. Vra die Here om jou te herinner aan die week se belewenisse. Reflekteer oor wat na jou toe gekom het. Vertrou jou ervaring.
2. Lees weer die teks van die week. Kyk deur jou notas. Gaan terug na die ervaring deur die week wat by jou bly of vir jou uitstaan. Lees weer deur die oordenking en oefening. Praat met God oor jou ervaring.

Saterdagaand Hersieningsgebed:

- *Wat was my ervaring gewees van stilte?*
- *Wat was vir my die grootste uitdaging?*
- *Wat is die bron van geraas in my lewe?*
- *Hoe het ek konneksie met myself, met ander en met Hom verdiep as gevolg van jou beoefening van die praktyk van stilte?*
- *Wat het ek ontdek van stilte wat ek voel vir my 'n uitnodiging inhou om hierdie praktyk 'n geloofsgewoonte te maak vir my lewe?*



'N HERSIENINGSGEBED OOR DIE LENT-REIS

1. Doen 'n oorsig oor jou Lent-ervaring.
2. Skenk aandag aan die temas en dae wat by jou opkom en bly soos jy deur jou refleksie-notas gaan.
3. Waar het ek naby aan God gevoel?
4. Watter geloofpraktyke het my lewe gegee?
5. Watter geloofspraktyke was vir my moeiliker om vol te hou?
6. Watter geloofspraktyk kan 'n moontlike geloofsgewoonte in my lewe word?
7. Die volgende tree waarna ek uitgenooi word is:

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



www.mosaïek.com | 011 268 4700 | info@mosaïek.com
1 Danielle Straat, Fairland Johannesburg



www.mosaïek.com | 011 268 4700 | info@mosaïek.com
1 Danielle Street, Fairland Johannesburg



A REVIEW PRAYER ON THE LENT JOURNEY

1. Do an overview of your Lent experience.
2. Pay attention to the themes that comes up and stay with you as you go through your reflection notes.
3. Where did I feel close to God?
4. Which spiritual practices gave me life?
5. Which spiritual practices did you find difficult to sustain?
6. Which spiritual practices could possibly become a spiritual practice in my life?
7. The next step that I am invited to is:



REVIEW PRAYER

Saturday morning:

1. Ask God to remind you of your experiences this week. Reflect on what comes to you. Trust your experience.
2. Reread the Scripture reading. Look at your notes. Go back to the experiences throughout the week that stayed with you or stood out. Read the devotions and practices again. Talk to God about your experience.

Saturday evening Review prayer:

- *What was my experiences of silence?*
- *What was the biggest challenge for me?*
- *What is the source of noise in my life?*
- *How did my connection with myself, others and with God deepen as a result of my practice of silence?*
- *What did I discover about silence that is an invitation to integrate this practice into my life?*



THE FRUIT OF STILLNESS.

"Let everyone know your life is being lived in another structure of being, one in which the Lord is constantly a vital presence" (Phil 4:15 Mulholland).

Pay attention to the different spiritual practices conveyed by Paul: pay attention to the Word; do not be anxious (:6), contemplate the Word (:8), and talk to God about your feelings (:6). By doing this, something will happen to you. He will give me his peace.

All of us have a way of life that has been developed over the years. I am a product of my way of life. When I start living the way Jesus did, it forms me and my entire inner world is transformed. A new awareness is created - the awareness that I live with, includes an awareness of God. I find him in everything. I feel differently about myself and life looks differently. The world is a good place and I know I am in good hands.

It is only through the constant, sustained practice of spiritual practices that it carries fruit. Many people read about spiritual practices, talk about it and even learn about them with others; however, they do not practise these practices. It is only by doing that I will know (John 7:17).

Practice:

Reflect on your experience of silence – what was good for you, and what challenged you? Talk to God about this and see if there is anything important that comes to mind that will help you make a decision in the regard.

Grace:

Give me grace to become still and know You are God.



READ THE SCRIPTURE, PAY ATTENTION & SAY SOMETHING.

After arranging my space and sitting down, I am invited to read Scripture and to pay attention to what I am reading. This helps me move out of autopilot. I try to fill my concentration space with Scripture for a while. With time, I will increase my focus and I can concentrate for longer periods.

